Les 5: Jakob raak die pad byster

Inleiding:

Leer Sagaria 8:16: "Praat die waarheid met mekaar"

Blinde speletjie:

Al die kinders maak 'n groot kring en gaan sit. Een kind is aan en staan geblinddoek in die middel van die kring. Die leidster (of 'n ander kind) druk nou op een van die kinders in die kring. Daardie kind staan dan op en sê met 'n vermomde stem: "Praat die waarheid met mekaar." Die kind in die middel moet raai wie dit gesê het. Indien hy verkeerd is, is die kind wat hom geflous het weer aan.

Ouer kinders: Die kind wat aan is moet ook raai of die kind sit of staan wanneer hy praat. As een van die twee antwoorde verkeerd is, moet die kind wat die teks gesê het aan wees.

Verhaal uit Gen 27:1-45:

Toe Isak al oud en blind was, het hy besluit om Esau te seën, maar Rebekka het dit gehoor en 'n plan gemaak om haar gunsteling seun die seën te laat ontvang. Jakob het van hulle bokke gevang en Rebekka het dit gaar gemaak soos wat Isak daarvan hou. Daarna het Jakob Esau se beste klere aangetrek en Rebekka het die bok se velletjies om Jakob se hande en nek vasgebind. Jakob het toe na Isak gegaan en die vleis vir hom voorgesit. Hy het gesê dat hy Esau, die oudste seun is, maar sy pa het gehuiwer en gesê dat dit Jakob se stem is wat hy hoor, maar nadat hy die bok se velletjies op Jakob se hande gevoel het, het hy geglo dat dit Esau is. Isak het toe vir Jakob geseën.

Lees die opsomming van die verhaal hierbo, lees dit uit die Bybel vir Almal, gebruik die sketse uit die prentebybel (aan die einde van die les) of laat die kinders die verhaal opvoer terwyl dit gelees word.

Bespreking: (moontlik in kleiner groepies)

Wat is die verskil tussen om iemand te kul en om vir iemand te jok?
(Dis basies dieselfde; soms dink 'n mens dalk net dat dit minder verkeerd is om iemand te kul, maar dit is nie.)

Het iemand al vir jou gejok? Hoe het dit jou laat voel?
(Kwaad; voel teleurgesteld of sleg dat die persoon bang was om die waarheid te praat.)

Om te jok laat almal sleg voel. In die storie wat ons vandag gelees het, hoor ons dat Jakob vir sy pa gejok het.
Hoekom het Jakob gejok?
(Hy was gulsig; hy wou iets hê wat aan sy broer behoort het.)

Hoe dink jy het Isak gevoel toe hy uitvind dat Jakob vir hom gejok het?
(Teleurgesteld dat sy seun hom verkul het; hartseer dat hy nie vir Esau die seën kon gee nie.)

Hoe het Esau gevoel toe hy uitgevind het dat Jakob gejok het?
(Kwaad vir homself dat hy toegelaat het dat Jakob hom bedrieg; kwaad vir Jakob wat iets gesteel het wat aan hom behoort.)

Watter nagevolge het Jakob se leuen vir hom ingehou?
(Sy broer wou hom doodmaak; hy moes vlug vir sy lewe; hy het vir 'n lang ruk kontak verloor met sy familie.)

Is dit altyd maklik om die waarheid te praat? Hoekom of hoekom nie?
(Nee, soms dink jy 'n leuen sal jou uit die moeilikheid hou; soms is die waarheid vernederend; ja, jy weet êrens gaan jy wel in die loeilikheid kom.)

Baie mense is seergemaak deur Jakob se leuen. Kom ons onthou dit volgende keer as ons dink daaraan om te jok.

Speel die JOK-speletjie:

Laat die kinders verskillende leuens opnoem en skryf dit met 'n koki op 'n bal. Probeer die bal onder 'n emmer water druk. Sê die teks "Praat die waarheid met mekaar" terwyl die bal onder gedruk word. Die bal pop weer uit die water sodra 'n mens dit los.
Sê: "Miskien is die probleem dat ons hom nie lank genoeg onder gehou het nie." Druk nou die bal onder die water terwyl die teks vyf keer opgesê word. Die bal pop maar weer op.
Sê: "Miskien moet ons die bal dieper onder die water druk." Doen dit en sê weer die teks 'n paar keer saam. Die bal popmaar weer uit.
So dink ons ook: as ons net die leuens kan wegsteek, gaan dit weg.
Wat sê die teks vir jou? "Praat die waarheid met mekaar."

Vee die leuens wat op die bal geskryf is met 'n lap met "thinners" of "spirits" af en speel met die bal. Gooi die bal vir mekaar en probeer hom in die lug hou.

Hulpmiddel vir les 5 (bl 14)